

WEEK 3

VRYP VOOR GOD

Ons het verlede week in Hebreërs 10:19-20 gelees dat ons deur gebed vrye toegang tot voor die troon van die Vader, in Sy troonkamer het. Kom ons lees 'n bietjie verder.

Hebreërs 10:19-22

Broers en susters, ons het dus nou deur die bloed van Jesus volle vrymoedigheid om in die hemelse heiligdom in te gaan. 20Hy het hierdie nuwe, lewegewende pad wat deur die binneste voorhangsel tot by God gaan, vir ons oopgemaak deur vir ons te sterf. 21Wat meer is, ons het 'n groot priester wat toesig hou oor die huis van God. 22Kom ons gaan dan die heiligdom binne, ja tot voor God, met 'n opregte hart en absolute vertrouwe, terwyl ons harte deur besprinkeling gesuiwer is van 'n skuldige gewete en ons liggame gewas is met skoon water. (NLV)

Hoor wat skryf Johannes.

1 Johannes 5:14

En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.

Ons het in Jesus vrymoedigheid om tot God te nader. Dit is soos ons Vader dit wil hê. Hy het juis deur Jesus die verhouding tussen Hom en die mens herstel, deur versoening te teweerkstelling. Die plek van Sy kinders, is by Hom, om Hom. Vader kan egter nie Sy kinders by Hom toelaat as hulle vuil is nie, dit is immers Sy troonkamer. Dit is hier waar die vier lewende wesens voortdurend voor God kniel en vir Hom sê: **“HEILIG, HEILIG, HEILIG IS DIE HERE GOD”** (Openbaring 4:8).

God is 'n heilige God wat nie kan toelaat dat mense Sy heiligheid besoedel nie, daarom stel Hy sterk voorwaardes vir toegang tot in Sy heiligdom.

Psalm 24:3-5

Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan? 4 Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen vals eed aflê nie. 5 So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied.

Wie mag in God se heiligdom ingaan?

1 Timotheus 2:8

Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.

Iemand wie se hart vuil is kan tog nie in God se heiligdom ingaan nie. Dit is waarom God sonde so haat. Sonde maak dat die mees kosbaarste besitting van God, die mens, nie vrylik in Sy teenwoordigheid kan kom nie. Dit maak dat daar 'n afstand tussen God en Sy kinders ontstaan. Mense probeer tog so maklik om vir God af te trek na hulle standaard toe. **“God sal verstaan, intendeel God moet verstaan.”** Hy kan nie op ons standaard werk nie. Sy standaard is skoon en rein hande en harte.

Wat maak dat ons hande en harte nie skoon is nie? Een woord: **Sonde.**

- Sonde maak dat mense nie meer vir God so goed kan hoor nie.
- Sonde maak dat mense uit God se teenwoordigheid uit weg beweeg.
- Sonde maak dat mense se gebedslewe afgewater raak en dat dit nie meer krag het nie en dan raak gebed niks anders as 'n ritueel nie.

Wat is sonde?

Die woord in Hebreeus vir sonde is *chata* en die oorspronklike betekenis daarvan is *to miss the goal or path of right and duty, to incur guilt, incur penalty by sin.*

Die Griekse woord *hamartia* wat ons met sonde vertaal se vroeëre betekenis in die Griekse literêre werke is *depict the flaws or defects of a character and portraying these as the reason of a potential downfall. To miss the mark.* Aristoteles verwys in sy Griekse Tragedie, na *“tragic flaw that leads to a chain of actions which culminate in a reversal of events from felicity to disaster.”*

In lesing 2 het ons ontdek wat die skeppingsdoel van die mens is. God het die mens gemaak as Sy verteenwoordiger, as Sy beeld, om te kan heers. God wou 'n intieme verhouding met

mense hê. As gevolg van sonde het daardie verhouding agteruitgegaan en daarom het hierdie “tragic flaw” gemaak dat die mens sy skeppingsdoel, om in ’n naby verhouding met God te wees, gemis het. Sonde maak dat daar geen of min sprake van enige verhouding met God kan wees nie.

Sonde is nie noodwendig die daad wat gepleeg word nie. Byvoorbeeld, God wil nie hê jy moet steel nie, maar as jy dan tog steel, dan is **die sonde** die feit dat jy ongehoorsaam aan God se wil was. God wil nie hê jy moet moord pleeg nie, die oomblik as jy moord pleeg, is jy ongehoorsaam aan God se wil en sondig jy. Daarom is alle sondes ewe groot. God wil hê jy moet met jou kollegas by die werk praat oor Hom, jy doen dit nie, dan is jy ongehoorsaam aan God se wil. Jy sit dalk Sondag in die kerk, besig om die Here te dien en te loof. God wou hê jy moet in ’n ander land gewees het waar Hy jou as sendeling wou gebruik, jy weier om te gaan, dan is jy ongehoorsaam aan God se wil, dan sondig jy. Sonde is nie noodwendig die daad wat gepleeg word nie, maar sonde is die feit dat jy **ongehoorsaam** is aan God. God se begeerte is dit ons Hom uit liefde sal gehoorsaam, enigiets teen dit maak dit ons, ons doel mis en daarom sondig ons.

Dit lei daartoe dat ons in die skuld raak by God. Sonde is soos iemand wat tjeks uitskryf uit ’n bankrekening waarin daar nie voldoende fondse is nie. Hoe meer tjeks jy uitskryf hoe dieper in die skuld raak jy.

Gevolge van sonde

- **Bring skeiding**

Jesaja 59:1-2

Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. 2 Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.

KYK, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; 2 maar julle ongeregthede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. (OV)

In die 1953 vertaling staan daar: “**julle ongeregthede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God.**” Het jy al gevoel jy bid teen die plafon vas? Ek vra altyd nou waar kom die

plafon vandaan? Wat hou 'n plafon bo? Wel, jy kan sê die dak, wat hou die dak bo? Die mure. Die oomblik as jy teen die plafon begin vas bid moet jy weet jy het sonde so toegelaat in jou lewe, dat daar 'n geestelike muur tussen jou en God gebou is. Dit maak dat daar 'n afstand kom tussen God en mens.

God staan aan die anderkant van die muur. Hy soek nog steeds 'n verhouding, Hy wil nog steeds liefde bewys, maar omdat Hy 'n regverdige God is, kan Hy nie jou toelaat in Sy heilige teenwoordigheid nie.

Wat maak dat daar 'n muur tussen jou en God ontstaan het?

- **Sonde laat jou vuil voel voor God.**

Psalm 51:9 en 12 (10)

Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees.

12 Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.

Create in me a clean heart, O God, And renew a steadfast spirit within me.

Dink maar aan 'n ouma wat op pad uit is na een of ander groot vroue ding. Sy het hierdie mooi wit rokkie gaan koop en is op pad uit. Haar kleinkind kuier by hulle en het sonder dat hulle dit weet in die modder gespeel. En toe hy ouma sien hardloop hy op haar af met sy modder hande, en is op pad op haar mooi nuwe wit rok in haar arms te spring.

Ja, dalk die kind toelaat om aan haar klere te vat, maar ek dink sy sal haar hande so uit steek en die kind se hande vat en sê, **“Kom, ouma gaan was eers gou hande, dan kan ek jou vrylik optel en druk.”**

Sonde maak dat daar nie 'n vrye toegang tot by God is nie.

- **Sonde neem jou vreugde weg**

Psalm 51:10 en 14 (8 &12)

Laat my weer blydschap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.

Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

Let me hear joy and gladness; let the bones you have crushed rejoice.

Restore to me the joy of your salvation and grant me a willing spirit, to sustain me.

Sonde neem jou vreugde weg. Jou blydskap is gesteel. Sonde maak dat jy voel jy kan nie met God praat nie, want dit voel asof die Heilige Gees nie meer in jou is nie. Dit is wat Dawid hier bid, dat die Here tog asseblief net weer vir hom laat vreugde en vrede beleef.

- **Sonde lei tot louheid**

‘n Verdere gevolg van sonde is dat dit maak dat daar ‘n louheid kom. Jesus vra vir Johannes om vir Sy kerk te skryf in Openbaring. Wie is die kerk? Elke gelowige is die kerk, dit is nie ‘n gebou nie. Jesus vra vir Johannes: **“Skryf vir My kerk want hulle is lou.”**

Openbaring 3:15-20

Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! 16 Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg. 17 Julle sê: “Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie,” en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal. 18 Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien. 19 Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle. 20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.

Watter hartseer verhaal is dit nie hierdie nie. Die Here skryf aan Sy kerk en dan sê Hy vir Sy kerk: **“julle het lou geword.”** Sy kerk is nie meer warm nie, ja verseker is hulle nie koud vir Hom nie, maar hulle wat so warm verhouding met God moes gehad het, het met sonde so begin speel dat hulle lou is.

Kom ons wees ‘n bietjie eerlik met onself, as jy sonde in jou lewe toelaat dan raak jy afsydig teenoor die Here en dan wil jy nie met Hom praat nie, want jy voel skuldig. Hoe minder jy met Hom omgaan hoe kouer raak jy en dan is mense se gebed vir God iets wat Hom walg, iets wat Hy wil uitspoeg.

Hoor die hartseer van sonde, dit laat Jesus buite staan en Hy klop aan die deur van die kerk. Hy staan by Sy geliefde, Sy bruid se huis en klop en sê: **“laat My toe om in te kom, sodat Ek jou kan seën met al die seëninge wat tot my beskikking is.”** En die hartseer dit alles is dat

God wat mense gemaak het om in 'n verhouding met Hom te staan, en nou staan Hy buite en Hy moet klop om toegang te kry tot Sy mense. Dis wat sonde maak, dit ontnem jou om saam met Jesus fees te vier.

- **Sonde maak dat Jesus Sy hemelse posisie moes verlaat en vir ons kom sterf**

Filippense 2:6-8

Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

Sonde se gevolg was natuurlik dat Jesus sy hemelse posisie moes prysgee sodat die wêreld weer met God versoen kon word. Daarom behoort sonde iets te wees wat ons haat. Ons kan nie met sonde speel nie, want sonde sluip so stilletjies in dat jy dit nie dadelik agterkom nie, mettertyd kom jy agter ek bid nie meer so gereeld nie, ek luister nie meer so gereeld na God nie, God speel al hoe minder 'n rol in my lewe. Sonde maak **dood**.

Om skoon te wees voor God

- **Erken jou sonde**

Die Here se vereiste vir toegang tot in Sy heiligdom is dat Sy kinders skoon en rein moet wees. Sondebelydenis in gebed is niks anders as om jou self skoon te maak voor God nie. Daarom is dit baie belangrik om God elke keer wat ons met Hom praat, Hom toe te laat om die vuil kolle in ons lewens te wys.

Psalm 51:4-6a

Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! 5 Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. 6 Teen U alleen het ek gesondig,

Die skoonmaakproses begin by 'n **erkenning** van sonde. Dit begin by 'n bewuswording van die sonde in my lewe. Nou is dit so dat mense dikwels probeer om hulle sonde te regverdig.

“Hy het my so kwaad gemaak dat ek.....” Ek dink ons ken die storie. Adam het daardie selfde verskoning probeer. “Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet.” (Genesis 3:12) Om werklik skoon voor te Here te wees is dit noodsaaklik dat ons heel eerste moet erken dat ons gesondig het. Terwyl ‘n mens dit omseil kan daar geen herstel van die verbreekte verhouding wees nie. Ons moet kom by ‘n punt wat ons besef dat die ding wat ons doen, bring verwydering tussen God en ons. Dit is die eerste stap in die skoonmaakproses.

Baie mense sien sondevergifnis as ‘n slotsin van hulle gebed: “**En vergeef ons ons sonde, Amen.**” Nadat alles gevra is en nadat baie gesê is, word dit as ‘n stopsinnetjie gebruik. Ek persoonlik dink dat sondebelydenis se plek is baie vroeg in ‘n mens se gebed, dit is myns insiens nodig om eers jouself te ondersoek, voordat jy regtig die volle seën van God se teenwoordigheid kan beleef.

Om bewus te wees van sonde is om presies te weet wat is die ding wat die verwydering tussen jou en God gebring het. Ek het vroeër gesê dat die daad van sonde is die simpton van ‘n verbreekte verhouding. Daarom dink ek nie ‘n mens kan maar net sê: “**Vergewe al my sondes nie.**” Ek dink sonde moet by die naam genoem word. “**Here, my onvermoë om my humeur te beteuel, is verkeerd, dit maak dat ek nie lekker met U kan praat en verkeer nie.**” Daarom is **DINK** een van die belangrikste aspekte van die herstelproses. Ek moet dink oor wat ek gedoen het, dan kan ek dit bely.

- **Bely jou sonde**

Die tweede stap in die skoonmaakproses is om te **bely**.

1 Johannes 1:8-9

As ons beweet dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. 9Maar as ons ons sondes bely—Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Die Griekse woord vir bely is *homologeō*. Dit bestaan uit twee woorde, *homo* wat beteken saam en *logeō* wat beteken woord. Om dus jou sondes te bely beteken om “**saam in woord**” met God te wees. Met ander woorde “**om saam te stem**” met God oor jou sondes. Dit kan jy net doen as jy jou sondes erken en bewus is van die konsekwensies van jou sondes. Die

oomblik as jy sonde by die naam noem en wat jy saam met God stem dat dit nie reg was nie, dan kan daar vordering in die herstelproses van die verhouding plaasvind. Ons moet tog baie versigtig wees om nie te hoogheilig en vroom te wil wees in ons Christenskap nie. Ons sal baie maklik in die regte geselskap sê: **“ons is maar almal sondaars, niemand is volmaak nie, elke outjie het sy foutjie.”** Dit is alles waar, maar dit mag nooit so bly nie, sonde is iets wat ons verhouding met God wil vernietig en daarom is sonde iets waarmee gedeel behoort te word. Sonde het Jesus aan die kruis doodgemaak. Dis nie iets waarmee ons speel of tevrede is nie.

- **Toon berou oor jou sonde**

Wanneer 'n mens **bewus** geword het van jou sondes en jy dit voor God kon **bely** het is die volgende stap om **berou** te toon oor jou sondes.

Psalm 51:17

The sacrifices of God are a broken spirit, A broken and a contrite heart — These, O God, You will not despise.

Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

2 Kronieke/Chronicles 7:14-16

(AS) my volk oor wie my Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na my wil en terug draai van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel. 15 Ek sal hierdie plek nou onder my sorg neem en ontoanklik wees vir elke gebed hiervandaan. 16 En nou kies Ek en heilig Ek hierdie tempel sodat my Naam altyd daar sal wees, en dit altyd my sorg en my liefde sal geniet.

if My people who are called by My name will humble themselves, and pray and seek My face, and turn from their wicked ways, then I will hear from heaven, and will forgive their sin and heal their land. 15 Now My eyes will be open and My ears attentive to prayer made in this place. 16 For now I have chosen and sanctified this house, that My name may be there forever; and My eyes and My heart will be there perpetually.

Berou en bekering gaan baie nou saam. Psalm 51:19 sê eintlik dat die Here soek 'n gebroke gees en verslae hart. Sonde maak God verslae. As 'n mens dan saamstem oor jou sonde, dan kan 'n mens nie maar net sê: **“ek is jammer”** en dan maar net aangaan asof niks verkeerd was nie. Berou is meer as om net jammer te wees nie.

2 Kronieke 34:26-27

Maar sê vir die koning van Juda wat vir julle gestuur het om die Here te raadpleeg: so sê die Here die God van Israel: Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy berou getoon het voor God toe jy hoor wat Hy sê oor hierdie plek en sy inwoners, en dat jy jou klere geskeur het en gehuil het en voor My berou getoon het, sê die Here

Om berou te hê beteken dat jy ook moet insien dat jy nie kan voortgaan op hierdie pad nie en dat jy jou pad moet verander, met ander woorde, dat jy jou rug sal draai op die verkeerde gesindheid wat jy teenoor God en Sy wil vir jou lewe het. Dit is presies wat bekering is. Bekering is nie 'n eenmalige proses nie. Bekering is om voortdurend te bepaal of jou lewensrigting in lyn is met die rigting wat die Here (jou Leier) vir jou beplan. Die oomblik as jy dan sien, dat jou lewe uit lyn is, dan draai jy om en maak aanpassings. Dit beteken dat jy 'n doelbewuste besluit neem om dit wat jou verhouding met God versuur, uit die weg te ruim. Daarom kan ek nooit maar net aanvaar dat "elke outjie het maar sy foutjie het," nie, dan moet ek alles deur die krag van die Heilige Gees in my vermoë doen om dit wat ons verhouding beskadig te verhoed.

- **Hernieude toewyding**

'n Baie belangrike stap in die herstelproses is om jou opnuut weer **toe te wy** aan God en om die vergifnis wat Hy jou deur Jesus Christus bied met dankbaarheid te aanvaar.

Psalm 51:14

Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

As jy dan besef wat jou sonde veroorsaak het en jy het dit bely en berou getoon en jou terug gedraai tot God vra dit van jou om met 'n nuwe toewyding en ywer te werk aan jou verhouding met God.

Gebed sal mense laat ophou sonde doen, of sonde kan 'n mens laat ophou bid. John Bunyan

Bruikbaar vir die Koning

2 Timoteus 2:20-21

In 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse. 21As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eenaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens.

Een van die wonderlikste dinge om te weet is dat God ons wil gebruik. Ons het aan die begin van hierdie lesing gesê dat God ons met 'n doel gemaak het en een van die belangrikste redes waarom Hy ons gemaak het is om Hom hier te verteenwoordig. God het nie vir Sy kinders somer sulke niks werd werkies nie. Hy wil hulle gebruik vir besondere take. Ons weet nou dat sonde laat ons hierdie doel mis. Dit lei daartoe dat miljoene Christene 'n gemiddelde Christelike lewe lei, van opstaan en val, van vrees vir straf, van misverstand teenoor God, terwyl God vir ons 'n lewe in oorfloed vol vreugde beplan. Kinders van God is nie **gemiddeld** nie, hulle is vir Hom besonder, so besonder dat Jesus gesterf het vir hulle sondes, daarom wil Hy hulle dan ook op besondere maniere gebruik.

Hierdie gedeelte in 2 Timoteus sê dan ook dat as ons, ons van ons sondes gereinig het, dan is ons afgesonder (geheilig, skoon) voor God en gereed vir besondere take. Geestelike groei word juis gedemp deur die feit dat ons nie bruikbaar is vir God nie. Groei vind juis plaas wanneer ons deur God gebruik word.

Sondebelydenis is noodsaaklik vir 'n goeie gebedsverhouding met God. Jesus nooi ons uit in Matteus 6:12 om vir God te vra om ons sondes weg te vat. Hy sal dit doen, Hy wil dit doen, want Hy begeer ook 'n intieme liefdesverhouding.

HERSIENINGSVRAE

- Wat maak dat jy nie vrylik in God se teenwoordigheid mag gaan nie?
- Wat is sonde?
- Wat is die gevolge van sonde?
- Noem die stappe in die skoonmaakproses.
- Hoe dink jy wil God jou gebruik?

OM TE GAAN DOEN

- Vra die Here om vir jou in hierdie week te wys wat tussen jou en Hom staan.
- Dink oor jou verhouding met God, dink oor jou sonde, bely dit en breek daarmee.
- Vra die Here om jou 'n bruikbare instrument in Sy koninkryk te maak. Wees op die uitkyk vir die geleentede wat Hy vir jou gaan skep.